

## **Preek Jan Steyn 3 September 2017**

**Teks: Johannes 2:1-12**

**Tema: Wyn vir die samesyn**

### **Inleiding:**

Wyn vir die samesyn? Klink soos leuse van 'n wynkelder of advertensie op TV. Wyn die die samesyn beteken mense is jolig en hulle kuier lekker en ontspan as rondom wyn. Dan vloei die gesprek sommer maklik. Dis hoe ons hierdie uitdrukking verstaan. Ek gaan netnou verduidelik wat Johannes 2 daarmee bedoel.

Kom ons kyk eers bietjie na die agtergrond van Johannes 2: Dit speel eerstens af teen agtergrond van 'n Joodse troue in Kana. As dit in dorpie soos Kana afgespeel het, het nie net familie en vriende gekom-hele gemeenskap. Sulke troues kon 'n hele week duur. Die bruidegom en sy familie was verantwoordelik om wyn vir al die gaste te voorsien vir die hele week. Daar was geen kontantkroeg in daardie dae nie! As daar nie genoeg wyn vir die bruilofsfees sou wees nie, sou dit vir die bruidegom en sy familie groot verleentheid en oneer bring. Volgens die Joodse reg sou gaste in so 'n geval selfs 'n eis vir skadevergoeding teen hulle kon instel.

Die vraag ontstaan baie hoekom hierdie water wat in wyn verander nou juis in Johannes Jesus se eerste wonderwerk, letterlik wonderteken was. Sou Hy nie meer indruk gemaak het as Sy eerste wonderteken iemand was wat Hy uit die dood opgewek het of iemand wat blind was en Hy het hom laat sien nie? Gemeet teen opwek uit die dood en blindheid genees lyk om water in wyn te verander bietjie flou.

Die grootste leidraad is in die woord semeia of wonderteken. Ons sien in vers 11 dat Jesus deur hierdie wonderteken Sy heerlijkheid laat blyk het en Sy dissipels tot geloof in Hom gekom het. In hierdie **wonderteken van water wat in wyn verander word het oor drie dinge gepraat:**

**Wie Jesus is**

**Wat Hy kom doen het**

**Oor gemeenskap of saamwees van mense**

**Wie Jesus is:**

**Eerstens is Jesus die ware Bruidegom.** Dit word vir ons gewys deurdat dit Hy is wat die water in wyn verander. Die bruidegom van die troue in Kana het die plig gehad om te sorg dat daar vir sewe dae

lank wyn is. Hy kan nie hierdie plig nakom nie, want die wyn raak op. Of dit deur swak beplanning was en of sy geld op was om wyn mee aan te koop, weet ons nie. Maar Jesus neem die bruidegom se plig op Hom deur die wyn vir die res van die huweliksfees te voorsien. Hy is dus die ware Bruidegom.

**Hy het iets nuuts in die plek van die oue kom bring:** Waarvoor was die water wat in die ses klipkanne was oorspronklik bedoel? Dit was water vir reiniging soos deur die Joodse wet voorgeskryf. Gaste by die troue het hul hande daarin gewas voordat hulle by die feesmaal kon aansit. Die water in die kanne het gemaak dat hulle godsdienstig kosher was om by die troue te kan wees. Jy moet eers die godsdienst afhandel voor jy jou kan geniet. Ons kan sê hierdie water het vir ons gewys na die ou bedeling van die wet, van moets en moenies wat mense so maklik in vrees en oordeel laat leef het. Want wanneer het jy nou genoeg van die wet nagekom om by God aanvaarbaar te wees? Jesus verander die water van die ou bedeling in die beste wyn en wyn is hier teken van die koninkryk van God wat in Jesus tot ons gekom het.

### **Wat het Jesus kom doen?**

Tim Keller vra die vraag waaraan ons gewoonlik dink as jy enkellopend is en by iemand anders se troue is. Jesus was ook hier enkellopend. Jy dink outomaties aan jou eie troue eendag. Jesus het hier ook aan Sy eie troue eendag gedink- ons het daarvan in Openbaring gelees. Hy is die bruidegom en die kerk is die bruid eendag by die bruilofsmaaltyd van die Lam. Maar om by daardie bruilofsfees van Openbaring, by Sy eie bruilofsfees uit te kom, sou Jesus die pad van die kruis moes loop. Die wyn in die klipkanne is daarom hier simbool van Sy bloed wat vir ons aan die kruis moes vloei voordat ons saam met Hom kan aansit eendag by Sy bruilofsfees en Hy saam met ons. **Jesus het dus gekom om vir ons te kom sterf en ons vry te maak-** geen hemelse bruilofsfees vir ons sonder SY bloed nie. Wat sou dit dus van Jesus vra om wyn vir Sy eie bruilofsfees te verkry: Sy dood, Sy bloed. Daarom is Hy half geïrriteerd met Sy ma toe Sy hom vra om plan te maak met die wyn wat opgeraak het. Hy sê dan ook vir haar: My tyd het nog nie gekom nie. Letterlik: My uur het nog nie gekom nie. En in Johannes se evangelie is Jesus se uur die tyd van Sy dood aan die kruis.

Die ou bedeling van die Joodse wet met al Sy moets en moenies waaraan mense soos die Fariseërs nog honderdvoudig toegevoeg het sodat dit hierdie ondraaglike las vir mense was, het mense baie keer skuldig en swaarmoedig laat voel. Dit was hierdie las op mense. **Die nuwe bedeling wat Jesus deur Sy bloed kom bring, wil ons by dankbaarheid en by vreugde uitbring.** Daarom is Jesus se las lig en Sy juk sag. Jesus se eerste wonderwerk of wonderteken is nie by 'n begrafnis of siekbed nie, maar by 'n bruilof wat gesien is as hierdie vreugdevolle geleentheid. **Tim Keller** druk dit baie mooi uit: "**You**

**are not invited to obey a set of rules, you are invited to the feast."** Daarom waaruit jou geloof in Christus ook al bestaan, dit kan nooit sonder vreugde wees nie. Ons kinders sien soms ons vreugdelose geloof, hulle beleef dit as hierdie koue stuk pligpleging wat ons uit bygeloof of een of ander duister motief aan die gang probeer hou. En hulle voel hulle moet van die kerk af weggaan om vreugde te kry en vreugde te beleef. Mag die Here ons en ons kinders al meer leer wat die ware vreugde in ons geloof is en waaruit dit bestaan.

**Jesus het oorvloed van genade kom bring. Niks van wat Jesus in hierdie wonderteken doen spreek van skaarste nie, dit spreek van oorvloed.** Jesus het 600 liter wyn gemaak, genoeg vir so 2400 glase. Die Amerikaanse predikant skryf hieroor. Hier is my beskeie vertaling: Net soos daar meer wyn was as wat die gaste van die troue kon opdrink, net so is daar meer genade in God se hart as wat ons ooit op kan gebruik. Miskien is die punt dat ek en jy nooit bekommerd moet wees dat God ooit sal sê: Jammer, jy is te laat. Die kruik is leeg. My genade het op geraak nie. Ons kan nooit die hemelse kwota uitput of God se genadeskuur leegmaak nie. Kan dit wees? Kan hierdie kruike en kruike goeie wyn die teken wees dat God onbeperkbare kruike en kruike vol genade vir ons het?

#### **Derdens praat ons teks van oor gemeenskap of die saamwees van mense:**

Baie van wat vandag oor geloof gepraat en gedink word gaan oor individue- oor wat ek dink en ek voel en ek beleef. Die verhaal van Johannes 2 speel af binne verhoudings tussen mense- die huwelik, die familie, die vriendekring, die gemeenskap van die dorpie Kana. Binne hierdie omgewing van die gemeenskap doen Jesus Sy eerste wonderwerk of wonderteken. Dit herinner ons weer dat Christus Jesus ons kom bind aan ander mense. Daarom is laerskoolkinders wat prente van hulle familie geteken het teen die muur aan die kante op. Die doop gebeur ook binne hierdie kring van die huwelik, familie, vriendekring en die gemeenskap. Die doop is ons inlywing by die gemeenskap van die gelowiges.

Jesus laat nie net Sy eerste wonderwerk nie, maar ons geloof afspeel binne die omgewing van die huwelik, familie, vriende en die gemeenskap waarin ons leef. Is die huwelik nie God se oefenveld waar Hy ons wil leer om weg te kyk van onself en ons eie behoeftes en van selfsug nie? Is ons familie nie die plek waar ons leer dit gaan nie net om my en hoe ek dinge sien en wat ek vandag wil doen nie? Is ons vriendekring nie juis die plek waardeur God ons wil leer jy kan nie alleen staan nie? Ons het mense nodig. Ek het dit die laaste week besef toe ek so skielik hoor ek moet nou 'n angiogram kry en dit kan nie wag tot volgende week nie. Dis dringend. My eie kollega het net dadelik dinge uit my hande begin neem sodat ek minder spanning en verantwoordelikhede het. Twee ander kollegas het vir my by die huis kom bid. Mense het net sterkte kom toewens. Mense het die kinders skool toe gevat. My vrou

het vergaderings geskuif om my hospitaal toe te neem en terug te bring. Jesus wil ons aan mekaar kom bind- dit het Sy bloed ook kom doen. Dis wat ek bedoel met die tema: Wyn vir die samesyn. Die wyn in die kruike by Kana verwys na Jesus se bloed net soos wat die wyn van die Nagmaal en die water van die doop dit ook doen. Die wyn van Sy bloed bring mense saam en laat hulle saam met mekaar stap en mekaar se lewens deel. Die doop bind ons aan Christus en aan mekaar.

Jesus doen Sy eerste wonderwerk binne die omgewing of konteks van verhoudings, want verhoudings is sentraal in die koninkryk van God. Jesus se dood herstel nie net ons gebroke verhouding met God die Vader nie, dit wil ons gebroke verhouding met mekaar en ander mense ook kom herstel.

Ons glo soms ten onregte God vind net vreugde in die godsdienstige dinge wat ons doen soos kerk toe gaan en bid en Bybel lees. God vind dalk meer vreugde in die dinge wat jy saam doen en geniet met jou man of vrou of kinders en familie en vriende. Jesus het saam met virnde soos die sondaars en tollenaars gekuier rondom kos en wyn soos in daardie tyd die gebruik was en in Mattheus 11 lees ons hoe die godsdienstiges hom daardeur as vraat en wynsuiper veroordeel. Hy kon in die sinagoge preek en na die huwelik van familie en vriende toe gaan. Hy kon mense van God en Sy koninkryk leer, geestelike voedsel gee en hulle vis en brood gee. Hy kon alles wat Hy op aarde moes doen alleen gedoen het, maar Hy kies dissipels, mense om die pad saam met Hom te stap. Hy betrek ander saam met Hom in die werk van die koninkryk wat Hy kom doen het.

By die doop word jy by jou naam geroep. By die doop word jy saam met almal en na almal hier geroep.  
Amen